Tema: Ware bekering bestaan uit 3 dinge: berou, die ophou met die verkeerde en die doen van regte dinge.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 488: 1, 2, 3, 4
Votum
Seën
Loflied Ps 25 - 1: 1, 2, 3

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: 1 Samuel 7: 2 - 17; Teksverse: 1 Samuel 7: 2 - 3.
Belydenis: HK Sondag 33
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Ps 32 - 1: 1, 3, 6
Gebed
Sing Ps 1 - 2: 1
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Ons het vanoggend gehoor dat ons die Lig van God moet gebruik om die donker (sonde) uit ons lewe te verwyder. Die Bybel noem hierdie daad ook “bekering!” Dat jy jou bekeer van jou verkeerde dade en die regte dinge doen. Ware bekering het te in die eerste plek te doen met jou verstand – dat jy ware berou teenoor die Here betoon oor die sonde of donkerte wat in jou is! Berou is die verstandelike erkenning dat God reg is, dat ek verkeerd opgetree het.

Maar berou het tweedens ook met jou emosies te doen! Omdat jy weet dat God jou liefhet en omdat jy die Here liefhet beteken berou ook dat ek opreg jammer is dat ek die verhouding met God skade aangedoen het met my sonde!

Ware bekering gaan nog verder as net jou verstand en jou emosies! Bekering het in die derde plek ook te doen met jou hande. Jou denke en emosies moet oorgaan in die aktiewe optrede! Dat ek moet ophou om die verkeerde te doen en dat ek moet begin om die regte dinge te doen.

Hierdie 3 elemente van bekering word ons mooi geteken in ons teksverse.

Om ons teksverse reg te verstaan moet net vir oomblik kyk na die omstandighede waarin die volk Israel verkeer het. In 1 Sam 4 verslaan die Filistyne Israel en voer hulle die ark van die Here weg. God straf egter die Filistyne hieroor en hulle stuur die ark terug na Israel waar dit in die huis van Abinadab opgepas word.

Die ark was terug in Israel. Die ark was die simbool van God se teenwoordigheid maar die Filistyne het steeds oor Israel regeer. Vir 20 jaar het dit polities, ekonomies en maatskaplik baie sleg met die volk gegaan. Soveel so dat die volk angstig by die Here begin hulp soek het. Hulle besef nou dat hulle omstandighede veroorsaak is deur hulle eie sonde deurdat hulle die hulp van die Here in die ark gesoek het.

Samuel tree as profeet vir die Here op en hy sê vir hulle in vers 3: “As julle met julle hele hart tot die Here terugkeer of bekeer”.... met ander woorde :as julle hierdie besef van julle sonde en julle terugkeer na die Here ernstig opneem, as julle dit van harte bedoel, dan moet julle die vreemde gode en Astarte uit julle midde verwyder!”

Ja, is dit nie verskriklik ironies nie? Israel kla by die Here, hulle soek die hulp van Here maar hulle sit steeds met afgodsbeelde in hulle huise. Afgode, wat soos ons vanmore in die verklaring van die eerste gebod gehoor het, waarop hulle hul vertroue gestel het om hulle te help. Die volk se berou en begeerte tot terugkeer tot die Here was net met hulle mond, maar nie met hulle hart nie! Hierdie afgode wat die omringende heidense nasies aanbid het, was maar altyd Israel se versoeking en rede tot geestelike verval. Omdat God nie afgebeeld mag word nie – was die beeldjies van die afgode maar net te tasbaar en meer aanvaarbaar as gode wat hulle moes help.

Brs en srs, is dit nie maar ook baie keer ons probleem nie? Ons wil die Here dien maar ons hou ook maar aan ons moderne afgode vas. Afgode vandag? Ja, die dinge buite God waarop ons tog ons hoop stel. Dink maar hoe bekommerd is ons oor die ekonomie en die politieke omstandighede van ons land! Is dit nie so dat ons tog maar hoop dat daar n beter staatspresident en 'n beter regering moet kom en dan sal dit met ons beter gaan nie? Is dit nie maar tevergeefse hoop op Prinse en mense nie soos Ps 146 sê nie?

Of 'n hoop dat die ekonomie moet verbeter sodat ons 'n beter lewenstandaard en beter opbrengste op ons beleggings kan verdien. Is dit dan nie maar Mammon waarop ons vertrou in plaas van die Here nie? Die oordrewe vertroue op tegnologie vir ons bestaan, is dit nie miskien 'n afgod wat ons lewens beheers nie?

Geliefdes, as ons die Here van harte wil dien en ons die volle lig van sy genade in ons lewe wil laat deurwerk, dan moet ons ons van hierdie afgode bekeer. Dan moet ons ophou om ons vertroue daarop te stel. Die bekering wat God eis is 'n aktiewe daad! Daarom sê Samuel vir die volk: verwyder eers die afgode uit julle midde!

Ons het gehoor dat die Kategismus ons leer dat bekering eerstens daarin bestaan dat ons die "ou mens moet afsterwe". Die ou mens is die sondige natuur in ons, die mens wat nog in die donker wil lewe en dinge van die duisternis wil doen! Ons moet hom afsterf en dit begin by ware berou voor die Here oor ons sonde en die feit dat hierdie ou mens nog dikwels ons lewens beheers!

Met ware berou moet ons hierdie ou mens aktief bestry! Die Kategismus beskryf dit so: haat die sonde, vlug daarvan weg – dus besliste optrede! En dit kan net gebeur as ek waarlik besef dat ek in my optrede met liefdesverhouding met die Here geskaad het. Met spyt oor my verkeerde dade wil ek nou 'n einde daaraan maak.

Is bekering iets wat net eenmalig gebeur? Nee, hierdie "afsterf van die ou mens" is 'n lewenslange proses tot die dag dat ek die Here tegemoet gaan. Dit is iets waarmee ek gedurigdeur besig moet wees. Daarom sê vraag 89 dat ons die sonde "hoe langer, hoe meer moet haat en ontvlug" . Dit is 'n voortgaande proses.

Onthou net: ons ou mens is in beginsel saam met Christus gekruisig – maar ons moet hierdie "afsterwing" elke dag laat realiseer deur ons van ons sondige begeertes en dade te bekeer. Hy moet minder en minder sigbaar wees en invloed uitoefen in ons lewe!

Hoe doen is dit dan? Ons het reeds gehoor dat ons die afgode moet verwyder – dat ons aktief moet ophou om verkeerde dade te doen. Maar is dit dan die volle prentjie? Het Jesus nie gesê dat wanneer jy die huis skoonmaak en jy laat dit nie deur iemand nuuts bewoon dat die ou inwoners weer terugkeer nie? Daarom die tweede opdrag

van Samuel: “rig julle harte op die Here en dien Hom alleen”. Dit beteken dat ons ten volle op die Here vertrou!

Is dit moontlik? Ja, dit is wat Jesus vir ons kom doen het? Hy het nie gesterf en versoening vir ons sondes kom bewerk nie, Hy het opgestaan uit die dood! Hy het opgevaar na die hemel! Jesus het ons ook die pad na God toe geleer. Daarom sê die Kategismus dat bekering ook bestaan uit “die opstanding van die nuwe mens” in ons! Dit is Christus en sy Gees!

Hy het ons lewe met die goeie dinge van God kom vul! Hy leer ons in Joh. 14: 5 Ek is die weg en die waarheid, niemand kom na die Vader deur my nie! Jesus is ons pad na God. In Hom kan ons ons hart op God rig. Want Hy skenk ons die Heilige Gees wat in ons harte kom woon om ons op die pad van goeie te begelei! Jesus het belowe dat die Heilige Gees ons in die wat reg en goed sal lei en help!

Ware bekering is dus nie net opregte berou en die ophou doen van verkeerde dinge nie, maar ook die doen van die regte dinge! Dat ek my lewe vul met die lig en die liefde, geloof en hoop van God en my daaglikse bestaan daarmee volmaak! Dan is die kringloop van bekering in my lewe voltrek!

En ook dit is ’n proses van groei, my hele lewe lank wat God eers vir my sal voltooi as ek in die ewige lewe kom! Die vrug van hierdie proses is dat ek nou reeds goeie werke vir die Here kan doen!  Dat ek nou reeds ’n heerlike vrug vir Hom kan dra om sy Naam te verheerlik.

Geliefdes, Samuel voeg vir die volk by die opdrag tot bekering ook ’n belofte by. As hulle met opregte berou hulle bekeer, die afgode verwyder – ophou om die verkeerde te doen en hulle harte op die Here rig – begin om die goeie te doen – dan sal die Here hulle red!

Hierdie belofte berus natuurlik alleen op die verbondstrou van die Here! Dat Hy aan sy volk getrou bly en dat Hy hulle genade betoon! Dit dien as aansporing en bemoediging vir die volk! Nie dat hulle dade die regte gedrag by God sal bewerk nie, maar dat die Here getrou sal bly en wanneer hulle harte weer by Hom is, sal Hy hulle seen.

Dit geld ook vir ons! Die Here Jesus het ook vir ons ’n soortgelyke belofte gegee wanneer Hy in Matteus 24: 13 belowe dat wie volhard op die pad van bekering en geloof sal gered word! Dit berus alleen op God se genade waarmee Hy ons aanspoor om Hom te dien!

Dit is hierdie genade wat ons ook vanaand aanspoor en bemoedig tot ware bekering! Dat ons die Lig van God in ons hele lewe sal laat lig sodat ons alle sonde en duisternis kan raaksien en ons daarvan bekeer – drievoudig bekeer: met ware berou, met ’n

doelbewuste ophou van die verkeerde en ’n volhardende aanhou doen van dit wat goed en reg is.

Amen